Maandag **22 Januarie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 52:1-12**

**Fokusgedeelte: Jesaja 52:5**

**Daar is geen rede om vrygekooptes verder te straf nie**

Mens wil dit twee keer lees om seker te maak jy het dit reg gelees. God se opmerking dat sy volk sonder rede weggeneem is in ballingskap ... Ons weet tog wat die rede was. Het Hy dit dan nie deur een na die ander van sy profete bekendgemaak nie? Dat dit weens hulle sonde was dat God eers vir Assirië en later vir Babel gebruik het om sy volk uit die beloofde land weg te voer. Hy het selfs sy tempel laat afbreek in simboliek dat Hy Hom van sy volk onttrek het. Hulle het sy verbond verbreek en daarom het Hy die ballingskap-ellende oor hulle laat kom wat Hy al deur Moses gewaarsku het sou gebeur (Deut. 28). Dit kan tog nie wees dat God vergeet het daarvan nie?

Hierdie profesie handel nie oor die hele volk soos wat hulle vroeër uit Kanaän weggevoer is nie, maar oor daardie klompie wat Hy vrygekoop het om terug te gaan (Jes. 51:11). Hulle word vrygekoop van die sondeskuld en daarom besluit God om nie meer aan hulle sonde te dink nie (Heb. 8:12). As vrygekooptes is daar geen rede meer vir hulle ballingskap nie, en daarom sy opmerking dat hulle nou sonder rede daar is.

In barmhartigheid sien God sy volk se smart raak en ter wille van sy Naam koop Hy hulle vry om terug te keer na die beloofde land sodat sy trou aan sy verbond bo verdenking en minagting sal staan. Sy belofte van dié een uit Abraham se nageslag in wie al die nasies geseën sou word, dié een uit Dawid se nageslag wat ewig sal regeer, dié een wat hulle destyds, net soos ons vandag, met sy lewe sou vrykoop van sonde en sou verlos van ballingskapstraf.

Elkeen in alle tye wat van harte met dade glo in Jesus Christus word deur sy geregtigheid beklee sodat ons nie meer tuishoort in die ballingskap van Adam uit die paradys in hierdie ontaarde sondige wêreld nie. Ons Here koop ons vry met sy offer en oorwinning, was ons skoon met sy lewensbloed sodat ons weldra terug sal wees in ons beloofde land – vir ewig terug by God self.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6*

*Ds. AJ (Andries) Burger (Pinetown)*